

DIE BOEK OPENBARING

Hoofstuk 12

Inleiding:

Hierdie is die vierde openbaring wat die aanloop na die eindoordeel toe beskryf.

Die eerste een is hoofstuk 6:1-17

Die tweede een is hoofstuk 8:1 – 10:4

Die derde een is hoofstuk 11:1-19

Die vierde een is hoofstuk 12

Nie een van die vier openbarings van die einde is dieselfde nie. Elkeen openbaar 'n ander faset daarvan – en ook ander fasette in die voorafgebeure.

- Hierdie openbaring van die aanloop na die eindoordeel toe sluit ook die geboorte van die Here Jesus in.
- Dit sluit ook die sondeval in die hemel in.
- Hierdie openbaring teken die worsteling en verset van die satan teen God en die Here Jesus Christus van die skepping af tot met die eindoordeel.

Wat ervaar ons self uit die geskiedenis? Niks anders as wat die Here in hierdie Boek aan ons openbaar nie!

- Die evangelie loop altyd vas in teenstand.
 - Die teëstand is so erg dat die mense wat die evangelie aanneem en in die Here Jesus glo, selfs doodgemaak word (6:9vv).
 - Die mense wat die Woord van God verkondig, word verwerp en bestry en selfs doodgemaak (11:7vv).
 - Die kerk word onderdruk en uitgewis (11:1vv).

Waar kom alles vandaan? Wie veroorsaak die klomp ellendes? Hoofstuk 12 en 13 beantwoord juis daardie vrae.

- Die geestelike agtergrond word oopgeplek, met ander woorde die veroorsaker van die opstandigheid en ellendes word aan die kaak gestel.
- Daar word geopenbaar hoe hy die mensdom beïnvloed en opmaak teen God en sy kerk.
- Dit openbaar dus dat die diepste dryfkrag die satan en sy gevalle engele is wat hulle eie verset teen God op die mensdom oordra.

Dit is waarom hierdie hoofstuk noodwendig moet openbaar waar die Here Jesus se geboorte by hierdie dinge inpas.

NB Vir Johannes self het die geskiedenis wat hy saam met die Here deurgemaak het, meteens in God se raad in plek geval.

Daarom word die vrou en hoe die duiwel haar probeer vernietig uitgelig.

- Die duiwel wou die verlossingsraad van God in die Here Jesus probeer vernietig.
- Die duiwel wou die Koning van die kerk vernietig sodat die kerk hom (die satan!) sou volg omdat hulle leierloos sou wees (altans so het hy gedink!).

Die totale kerkgeskiedenis wentel om die Here Jesus Christus.

- In Hom word die gemeente gered en uit die dood opgewek.
- Ter wille van Hom word die verkondigers van die evangelie vervolgd en doodgemaak.
- Hy verstaan die duiwel en sy werke en Hy besorg die satan en al sy aanhangers in die ewige verdoemenis.

NB Hierdie deel is nie 'n profesie van wat gaan gebeur nie. Dis 'n openbaring van dinge wat reeds gebeur het in Johannes se tyd.

Vers 1

En 'n groot teken het in die hemel verskyn: 'n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre;

Die boek Openbaring praat in tekens en beelde.

- Hierdie vers sê baie duidelik 'n **groot teken** het in die hemel verskyn.
 - Die teken is ook groot – groots, heerlik, skitterend.
 - Die teken is uiters belangrik en gewichtig.
 - Die teken is van so 'n aard dat dit die totale verloop van die wêreldgeskiedenis gaan beïnvloed.
- Die teken het **het in die hemel verskyn**
 - Johannes het dus die teken bo in die lug gesien – die simbool daarvan is dat dit dus God was wat aan die werk is.
 - Johannes sien in die lug 'n baie besondere vrou. Later is die vrou op die aarde – wat dus openbaar dat God se beplanning in sy woonplek gebeur, maar dat Hy dan hierdie beplanning (onder andere) deur mense op die aarde laat uitspeel. (v. 5, 13)

Johannes sien 'n baie besondere vrou.

- Die vrou is aangetrek met die son.
- Die maan is onder haar voete – met ander woorde haar liggaam is oortrek met 'n liggende heerlijkheid terwyl sy in die beeld met haar voete op die maan staan!
- Sy het 'n krans/kroon om haar kop – die krans bestaan uit twaalf sterre!

Let op die simboliek:

- Die glans van die son wat om die vrou straal, is die simbool van haar hoogheid.
- Die maan wat onder haar voete is, is die simbool van haar heerskappy.
- Die krans/kroon van twaalf sterre is die simbool van oorwinning.
- Twaalf druk die volheid van die kerk uit. Vergelyk hiervoor byvoorbeeld Openbaring 21:12-14:

12 En dit het 'n groot en hoë muur met twaalf poorte gehad, en by die poorte twaalf engele, en name daarop geskrywe, naamlik dié van die twaalf stamme van die kinders van Israel. 13 Aan die oostekant was daar drie poorte, aan die noordekant drie poorte, aan die suidekant drie poorte, aan die westekant drie poorte. 14 En die muur van die stad het twaalf fundamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam.

(Openbaring 21:12-14 AFR1953)

Saam maak die son, maan en sterre die heerlijkheid van die hemelruim uit.

- Dit is die simbool van die heerlijkheid waarmee die Here oor alles op die aarde heers.

Genesis 1:14-18 En God het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitspansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens

sowel vir vaste tye, asook vir dae sowel as jare. 15 Laat hulle ook dien as ligte aan die uitspansel van die hemel om lig te gee op die aarde. En dit was so. 16 God het toe die twee groot ligte gemaak: die groot lig om te heers oor die dag en die klein lig om te heers oor die nag; ook die sterre. 17 En God het hulle aan die uitspansel van die hemel gestel om lig te gee op die aarde 18 en om te heers oor die dag en oor die nag en om skeiding te maak tussen die lig en die duisternis. Toe sien God dat dit goed was.

- Dit is ook die simbool (uitbeelding) van die Here se genade en heerlijkheid en seën:
Psalm 84:12: **Want die HERE God is 'n son en skild; die HERE sal genade en eer gee; Hy sal die goeie nie onthou aan die wat in opregtheid wandel nie.**
Maleagi 4:2: **Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.**
Jesaja 60:20: **Jou son sal nie meer ondergaan nie, en jou maan nie kleiner word nie; want die HERE sal vir jou wees 'n ewige lig, en die dae van jou treurigheid is verby.**
Daniël 12:3: **En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos.**
In Josef se droom is daar 'n beeld wat presies 'n spieëlbeeld is van hierdie openbaring wat Johannes gesien het!
Genesis 37:9: **Daarna het hy nog 'n ander droom gehad en dit aan sy broers vertel en gesê: Kyk, ek het nog 'n droom gehad -- die son en die maan en elf sterre het hulle voor my neergebuig.**

Blykbaar sien Johannes in die openbaring hoe hierdie vrou uit die lug uit op die aarde afdaal.

- Dit word afgelei uit die feit dat die draak 'n derde van die sterre op die aarde neergooi!
- Waarom sou hy die sterre anders op die aarde neergegooi het as hy nie daarheen op pad was agter die vrou aan nie?

Die vrou is natuurlik die simbool van Maria uit wie die Here gebore is. Maar hierdie vrou is baie meer as dit: Sy is die simbool van God se kerk! In sowel die Ou as die Nuwe Testament is die vrou die beeld van God se kerk.

Vergelyk hiervoor die volgende Bybelgedeeltes:

Die hele Esegïel 16 handel oor die kerk van die Here wat voorgestel word as 'n jong meisie wat gebore is en 'n regte klein hoer geword het. maar uiteindelik is sy deur God verander in sy Bruid.

Hosea 2:1: **Twis met julle moeder, twis; want sy is nie my vrou nie, en Ek is nie haar man nie, en laat sy haar hoerery van haar aangesig verwyder en haar owerspel van haar borste af weg.**

Jesaja 50:1: **So sê die HERE: Waar is tog die skeibrief van julle moeder waarmee Ek haar verstoot het? Of wie is daar van my skuldeisers aan wie Ek julle verkoop het? Kyk, weens jul ongeregthede is julle verkoop, en weens jul oortredinge is julle moeder verstoot.**

Efesiërs 5:31-33: **Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal een vlees word. Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente. In alle geval moet elkeen van julle ook afsonderlik sy eie vrou liefhê net soos homself, en die vrou moet die man eerbiedig.**

Openbaring 19:7, 8: **Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dae van die heiliges.**

Openbaring 21:9: En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plaë, het na my gekom en met my gesprek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam.

Omdat die Messias/Christus uit 'n vrou gebore word (wat deel is van die kerk!), daarom word die vrou in hierdie beeld voorgestel as die voortbringer van hierdie Seun.

- In hierdie geval sinspeel dit baie duidelik op Maria.
- Die vrou wat Johannes sien kom uit die hemel word deur die draak (satan) aangeval.
- Hy probeer om haar Kind dood te maak, want dan sal hy die verlossingsraad van die Here kan vernietig! (Kan die duiwel dan regtig nie van die begin af leer hoe magtig God is nie?)

Die kerk van God het in elk geval haar oorsprong in die hemel. Vergelyk die volgende Bybelgedeeltes:

Galasiërs 4:22-27: Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye. 23 Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte. 24 Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar – dit is Hagar; 25 want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die teenswoordige Jerusalem en is met haar kinders saam in slawerny. 26 Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal. 27 Want daar is geskrywe: Verbly jou, onvrugbare wat nie baar nie; breek uit en roep, jy wat geen barensnood het nie, want die kinders van die eensame is meer as van haar wat 'n man het.

Openbaring 21:2: En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

Openbaring 21:7-9: Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. 8 En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. 9 Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam.

Openbaring 12:1 simboliseer dus die kerk van die Here.

- Die kerk in haar hemelse afkoms waar sy deel in die volle gemeenskap met die genade en beskerming van God.
- Sy word verder ook geteken in haar volle heerskappy oor die hele aarde.
- Alles deur die Here Jesus Christus.

Vers 2

. . . en sy was swanger en het uitgeroep in haar weë en barensnood.

Die vrou was swanger. Nou begin sy kraam. Sy roep uit in haar pyne wat sy kry terwyl die kind gebore word.

- Die woorde dui die tyd aan van die Here Jesus se geboorte.
- Die openbaring is hier terugwysend, want op die tydstip toe dit gebeur het, was die Here Jesus reeds in die hemel nadat Hy opgevaar het.

Die rede waarom dit in hierdie gesig so gedoen word, is om daarmee te openbaar teen wie die stryd nou eintlik gaan.

- Die duiwel se aanslag is gerig teen die Here Jesus Christus – ons staan nou maar net in die spervuur van sy aanvalle teen die Here Jesus – daarom tref die lyding ons ook!

- Die hele wêreld loop deur onder die duiwel se geveg teen God.
- Die beginsel van die duiwel se aanslag word dus hiermee geopenbaar!

Vers 3

En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone;

'n Ander teken verskyn!

- Hier verskyn die hoofaanvoerder van die ellendes!
- Die gesig is vir Johannes vreemd! Kyk weer hoe hy dit beskryf:

En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; (Openbaring 12:3 AFR1953)

Let ook op dat hy in vers 9 somer 'n stuk negatiewe beskrywing van die duiwel byvoeg:

En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. (Openbaring 12:9 AFR1953)

Die draak is sleg.

- Daarom word hy as 'n slang beskryf.
- Van die sondeval af dra die slang die negatiewe betekenis dat hy met die duiwel vereenselwig word!

Die Jode het lankal die vergelyking gehad dat slegte mense met slange en adders vergelyk word:

Hulle wyn is slanggif en wrede addergif. (Deuteronomium 32:33 AFR1953)

In die heidendom het die slang soms besondere betekenis gehad. Vir hulle is dit 'n teken van mag en oorwinning.

Toe het Moses en Aäron na Farao gegaan en gedoen net soos die HERE hulle beveel het: Aäron het sy staf voor Farao en voor sy dienaars neergegooi, en dit het 'n slang geword. Daarop laat Farao óók die wyse manne en die towenaars roep; en hulle, die Egiptiese towenaars, het ook dieselfde gedoen met hulle towerkunste: elkeen gooi sy staf neer, en hulle word slange! Maar Aäron se staf het hulle stawe verslind. (Eksodus 7:10-12 AFR1953)

In die Griekse mitologie het Asklepios, die god van geneeskunde, ook 'n slang (en 'n staf!) gehad. Hy sou dan die slang op die siekes neersit sodat hulle kan gesond word.

Wat die openbaring van die duiwel wat 'n draak en 'n slang is, nog meer verbysterend gemaak het, was omdat hy reeds 'n openbaring van die Here gehad het wat presies die teenoorgestelde was:

En Hy wat daarop sit, het in sy voorkoms gelyk soos die steen jaspis en sardius; en rondom die troon was 'n reënboog wat in sy voorkoms gelyk het soos 'n smarag. En rondom die troon was daar vier en twintig trone, en op die trone het ek die vier en twintig ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad. (Openbaring 4:3-4 AFR1953)

Johannes sien die draak in 'n vuurrooi kleur!

- Die draak is dus groot en sterk!

- Hy verskyn ook teen die hemel.
- Dis mos waar hy die derde van die sterre met sy stert wegsleep!
- Die duiwel is inderdaad mos ook 'n hemelwese! Hy was dan 'n mooi en belangrike engel:

. . . So spreek die Here HERE: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtheid in jou gevind is. (Esegiël 28:12-15 AFR1953)

Die verwysing in Judas vers 6 het dus ook op die satan self betrekking!

En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar; (Judas vers 6 AFR1953)

Die Here openbaar die satan in sy krag – maar al is hy hoe magtig en kragtig, hy is maar flou as dit met die Here se krag en almag geweeg word:

. . . 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone

- Die satan is groot – dus magtig.
- Die kleur rooi is ook simbolies:
 - Die duiwel is bloeddorstig!
 - Dit het hom dinge laat verstaan wat hy reeds vantevore al gesien het.
 - Rooi is 'n baie ongesonde kleur as dit kom by genade, liefde, vrede en al daardie dinge.

En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekome, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee. (Openbaring 6:4 AFR1953)

Die sewe koppe en tien horings beteken heel eerste dat hy God naboots.

- Sewe en tien is die getalle wat die volheid (= almag) en wese van God simboliseer.
- Maar dit simboliseer ook die werklikheid van die saak, naamlik dat die satan werklik op die aarde heers.
- Hier op die aarde doen hy net kwaad en hy verwoes alles wat hy in die hande kry! Vers 17 impliseer dit ook baie duidelik:

En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die geboeie van God bewaar en die getuieis van Jesus Christus hou. (Openbaring 12:17 AFR1953)

Dis baie hartseer as ons daaraan dink dat die Here Adam en Eva oor sy skepping aangestel het om dit te bewerk en te bewaak – en na die sondeval word hierdie aarde om hulle ontwil vervloek!

- Dit word nou die speelgrond van die satan!
- Hier op die aarde oorheers die duiwel en sy engele die mense se optredes en die gang van hulle gedagtes!

Dink aan die volgende uitsprake in Efesiërs:

waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk, (Efesiërs 2:2 AFR1953)

Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. (Efesiërs 6:12 AFR1953)

Uiteraard sou Johannes mos die Here Jesus se versoeking deur die duiwel onthou het. Die Here het dit ongetwyfeld vir hulle vertel – daarom skryf hulle dit neer!

- Daarin het die verwaandheid van die duiwel sterk na vore gekom – maar veral hierdie aanslag van hom op die Here Jesus – dit wat Johannes nou in hierdie openbaring sien!

Toe bring die duiwel Hom op 'n hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld in 'n oomblik se tyd. En die duiwel sê vir Hom: Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil. (Lukas 4:5-6 AFR1953)

Vers 4

en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het.

(Openbaring 12:4 AFR1953)

Die sterre waarvan hier gepraat word, is engele. Daar is ook 'n verwysing in Job 38 waar die engele sterre (môresterre) genoem word.

Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het? Gee te kenne as jy insig het. Wie het sy afmetinge bepaal? – jy weet dit mos! Of wie het daarvoor die meetsnoer gespan? Waar is sy fondamentklippe op ingesink? Of wie het sy hoeksteen gelê? Toe die môresterre saam gejubel en al die seuns van God gejuig het? (Job 38:4-7 AFR1953)

In ons gewone omgangstaal mag 'n **derde van die sterre van die hemel** dalk min klink, maar dit is 'n geweldige groot getal engele.

Van die engele/sterre wat oorgebly het, het die Here aan Johannes die volgende geopenbaar:

Toe sien ek, en ek hoor 'n stem van baie engele rondom die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge; en hulle getal was tien duisende van tien duisende en duisende van duisende; (Openbaring 5:11 AFR1953)

Probeer om die wat net op daardie stadium in die hemel was, in getalswaardes te bepaal (en dan was alle engele nie eers daar nie!):

$$10\ 000^e \times 10\ 000^e + 1\ 000^e \times 1\ 000^e$$

Dis 'n duiselingwekkende getal – onberekenbaar – en dis maar net die getal van die engele wat op daardie stadium van Johannes se gesig in die hemel was!

Om 'n idee te vorm van hoeveel die gevalle engele was, gebruik die Here ook beelde. Dink byvoorbeeld aan die volgende twee beelde:

En hy het die put van die afgrond oopgemaak, en daar het rook opgekom uit die put soos rook van 'n groot oond, en die son en die lug is deur die rook van die put verduister.
(Openbaring 9:2 AFR1953)

Daar kom so baie donker engele (gevalle engele/ gevalle sterre) op uit die afgrond toe dit oopgesluit raak, dat hulle letterlik lyk soos dik swart rook!

Dit is eers by nadere ondersoek dat die rook begin opbreek en verander in iets wat lyk soos miljoene sprinkane! Hoe baie sprinkane moet daar wees om soos rook die hele aarde donker te maak?!

En uit die rook het daar sprinkane uitgekome op die aarde, en aan hulle is mag gegee soos die skerpioene van die aarde mag het. (Openbaring 9:3 AFR1953)

Hierdie engele wat saam met die satan geval het, is nie meer goeie engele nie. Lees maar wat openbaar die Here op 'n ander plek oor hulle:

Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word; (2 Petrus 2:4 AFR1953)

Hierdie draak wat Johannes sien, gaan staan reg voor die swanger vrou wat besig is om te baar.

- Hy wil haar kind uitroei!
- Die Bybel sê in hierdie vers dat die draak haar kind wou verslind (opvreet) sodra hy gebore word.

Dis nie vreemd dat die Here dit van die satan sê nie.

- Hy is 'n mensemoordenaar van die begin af.
- Daarom word sy verhouding tot die mense uitgebeeld in die draak wat die Kind wil vang en eet as Hy gebore is!

Vergelyk hiervoor die Here Jesus se eie woorde oor die duiwel en wat hy van mense dink en met hulle doen!

Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan.
(Johannes 8:44 AFR1953)

Die duiwel is 'n mensemoordenaar!

Waarom wil die duiwel die Kind uitroei?

- Die Kind is sy vyand.
- Hy is sy opposisie!
- Hy weet dat hierdie Kind hom nog gaan verslaan en vernietig.

Die duiwel se kop het dus so gewerk:

- Hy het gedink as hy hierdie Kind kan doodmaak en opeet, dan is daar niks van hierdie Kind oor nie!
- Dan kan die Kind hom ook nie oorwin nie.
- Nog meer: dan kan hierdie Kind hom en sy volgelinge nie met die eindoordeel in die hel verseël nie.

Kyk wat openbaar die Here met hierdie sin sonder dat daar een woord oor geskryf staan:

- Die duiwel ken God se verlossingsraadsplan.
- Hy weet dat die Here Jesus die ewige Verlosser is.
- Hy weet ook dat die verlossing vir die uitverkorenes daarin bestaan dat hy wat Satan is, op sy plek gesit gaan word deur hierdie mensebaba wat uit Maria gebore word.
- Hy is in sy onderskeidingsvermoë heelwat beter as die mense, want hulle het die Here Jesus nie herken toe Hy gekom het nie! Maar hy wat die duiwel is, wag Hom in!

Natuurlik was die doel van die twee groepe wat die Here Jesus se koms ingewag het, heeltemal verskillend:

- Ons moes Hom inwag as ons Verlosser.
- Die satan het Hom ingewag om Hom te vernietig.
- Die skande is natuurlik dat ons mense niks gedoen het om die Here se lewe of sy lyding of sy bediening enigsins makliker te maak nie! Ons het die hele tyd in die duiwel se hand gespeel!

Herodes wat die kindertjies doodgemaak het in 'n poging om die Here Jesus uit te roei, is natuurlik die direkte werk van die duiwel – dis waarvan hier gepraat word.

Toe Herodes sien dat hy deur die wyse manne mislei was, het hy baie woedend geword en gestuur en in Betlehem en in al die omstreke daarvan al die seuntjies van twee jaar en daaronder laat ombring, ooreenkomstig die tyd wat hy van die wyse manne uitgevra het.
(Matteus 2:16 AFR1953)

Die duiwel se gebrek aan diep insig blyk uit die feite van die geskiedenis.

- Hy het toe inderdaad die mense sover gekry om die Here Jesus te verwerp en te kruisig
- Dit was inderdaad die daad wat die Here Jesus nodig gehad het om die duiwel te kon oorwin en verslaan!

Vers 5

En sy het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon. (Openbaring 12:5 AFR1953)

Die Here Jesus Christus – God se Seun word gebore.

- Die satan kon dit nie verhinder nie!
- Die woord **manlike** word bygevoeg om die krag van die Here Jesus te beklemtoon – Hy is meer as net kind.

Die manlike aard is juis om te kan regeer – daarom kom die ystersepter ook dadelik by.

- 'n Koning het 'n septer – meestal van goud.
- Hierdie Kind gaan met 'n ystersepter regeer.

Waarom dan *yster* en nie *goud* nie?

- *Yster beeld die aardse uit.*
- Nasies is die normale woord waarmee die Heilige Gees in die Bybel van die heidene praat.
 - Die benoeming *heidene* wys op hulle weerspanning en verset teen die Here Jesus.
 - Hulle gaan almal onder sy ystersepter kom.
- Vanselfsprekend is die implikasie dat hulle aanvoerder ook onder hierdie ystersepter gaan deurloop – **die Kind gaan die satan wat Hom voorlê ook met hierdie septer tot onderdanigheid dwing!**

Vergelyk hierby die volgende Bybelgedeeltes:

U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot. (Psalm 2:9 AFR1953)

Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom. En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het. En Ek sal hom die môrester gee. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. (Openbaring 2:25-29 AFR1953)

Die draak misluk in sy aanslag op die Kind. Die Kind word weggeruk na God en sy troon toe.

Ons weet uit voorafgaande openbaring dat die Here Jesus na sy hemelvaart (weggeruk na die troon . . .) saam met God die Vader op sy troon plek ingeneem het.

Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het. (Openbaring 3:21 AFR1953)

Hier word net in die verbygaan daarna verwys. Dis ook nie nodig om dit weer volledig te doen nie, want God het dit klaar aan Johannes geopenbaar.

Weggeruk – dit beskryf net dat God aan die werk was.

- God het die Here Jesus se dood en hemelvaart bewerk en beheer.
- Teenoor die duiwel wat die Kind wou doodmaak, het God Hom verhoog tot in die hemel op God se troon.

Vers 6

En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend twee honderd en sestig dae lank. (Openbaring 12:6 AFR1953)

In hierdie openbaring vervloei beeld en werklikheid in mekaar.

- Die werklikheid is dat Maria (met Josef) na Egipte toe is.
- Egipte word deur die woestyn uitgebeeld.
- Dis die werklikheid wat bitterlik kortstondig was – na Herodes se dood is Josef en sy gesin terug na Palestina toe.

Daarom gaan die werklikheid oor in die uitbeelding (versinnebeelding/symbolisering) van die geskiedenis van God se kerk op aarde.

- Die verblyf in die woestyn word die simbool van die kerk van die Here se stryd op die aarde tussen die hemelvaart en die wederkoms.
- Die beeld kom ook uit die Ou Testament. Dit sluit aan by die geskiedenis wat van Eksodus 15:22 af beskryf word:

Daarop het Moses die Israeliete laat wegtrek van die Skelfsee af, en hulle het uitgetrek na die woestyn Sur. Hulle het toe drie dae lank in die woestyn getrek en geen water gekry nie. En hulle het in Mara gekom, maar . . . (Eksodus 15:22-23 AFR1953)

Die doopformulier wys ons al daarop:

U het die verharde Farao met al sy manne in die Rooisee verdrink en u volk Israel op droë grond daardeur gelei – waardeur die doop afgebeeld is.
(Vergelyk hiervoor 1 Petrus 3:20-21).

- Aan die hand daarvan word die hele woestynreis ook allegories verklaar.
 - Egipte is die simbool van die aarde wat in sonde verval is.
 - Die deurtog deur die Rooi See is die doop.
 - Die veertig jaar in die woestyn is die aardse lewe.
 - Die deurtog deur die Jordaan is die dood.
 - Kanaän is die ewige lewe.

Die verdere begroning waarom dit so verklaar word, is Hebreërs 3. Dieselfde sinspeling word ook daar geopenbaar.

omdat daar gesê word: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie soos in die verbittering nie. Wie was dit dan wat gehoor het en Hom verbitter het? Was dit nie almal wat onder leiding van Moses uit Egipte gegaan het nie? En op wie was Hy veertig jaar lank vertoornd? Was dit nie op die wat gesondig het, wie se lyke in die woestyn geval het nie? En aan wie het Hy gesweer dat hulle in sy rus nie sal ingaan nie, behalwe aan die ongehoorsames? En ons sien dat hulle deur ongeloof nie kon ingaan nie. (Hebreërs 3:15-19 AFR1953)

Die beskikkende Hand en Raad van God is natuurlik in die woestynreis die alles oorheersende.

- Presies so kry ons dit ook hier in Openbaring 12:6 in die woorde:
... **na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is**
- Hier is die woestyn ook die beeld van die kerk in haar stryd tydens die aardse bestaan – met die hemelse (Kanaän) wat voorlê.

Die Heilige Gees laat Johannes dit baie duidelik stel: **wat deur God gereedgemaak is!**

- God beskik oor die omstandighede waaronder die kerk op die aarde lewe!
- Hy beskik oor die geskiedenis – oor volke en die volle mensheid.
- Maar Hy beskik en beheer ook ten volle die handeling en optrede van die duiwel.

Die woorde: **waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is**, openbaar dat:

- die Here die kerk voed en versorg met alles wat sy nodig het – al is dit in die woestyn (!);
- die kerk se plek deur God voorberei en voorsien (toeberei) is; en
- alle gebeurtenisse en alle omstandighede in die geskiedenis van die wêreld deur God beskik is.

Dink hier aan die geskiedenis van Elia:

Toe kom die woord van die HERE tot hom en sê: Gaan hiervandaan weg en draai jou na die ooste toe en steek jou weg by die spruit Krit wat oos van die Jordaan is; en jy moet uit die spruit drink, en Ek het aan die kraaie bevel gegee om jou daar te onderhou. (1 Konings 17:2-4 AFR1953)

Wie sal vir een oomblik dink dat kraaie wat kos aandra vir iemand wat onder 'n bos sit, dit doen op bevel wat God vooraf vir die klomp kraaie gegee het?

Hierdie openbaring wat Johannes sien, verskil tydsgewyse van die manier waarop ons die woestynreis (allegories) verklaar.

- Die woestynreis simboliseer die lewensloop van die kerk (en elke gelowige) soos wat dit verloop tot met ons dood.

- Die vrou se wegruk in die woestyn simboliseer die geskiedenis van die kerk van die hemelvaart af tot by die wederkoms.

Die **duisend twee honderd en sestig dae lank** beskryf dus die laaste faset van die duiwel se aanvalswerk op die kerk van die Here.

- Dit is die stuk wat gebeur vandat die Kind na die hemel weggeruk is tot met die eindgerig.
- Dis in daardie tyd wat die vrou in die woestyn invlug met die duiwel agterna – en God steeds vir haar sorg.
- Mens sou kon sê dis die Nuwe-Testamentiese bedeling.

Vers 7, 8, 9

En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. (Openbaring 12:7-9 AFR1953)

Toe die draak sien dat hy niks aan die Kind kon doen nie – dat die Kind van hom af weggeruk was – het hy nog steeds nie moed opgegee nie!

- Letterlik alles was vir hom op die spel – dit was 'n kwessie van lewe of die ewige dood.
- Daarom het hy met sy mededuiwels die hemel bestorm om die Kind (Here Jesus) daar uit te ruk.

Die ding wat gebeur het, was dat die Satan besluit het dat hy met die volle mag van die hel die Here Jesus gaan aanval en Hom vernietig sodat Hy nie in die hemel sy plek kan inneem nie.

- Dit is wat in vers 7 beskryf word: Daar was 'n geweldige oorlog in die hemel.
- Toe die duiwel sien dat Jesus na die hemel toe opgevaar het, het hy besef dat hy verslaan is.
- Alles was vir hom so op die spel dat hy en sy mededuiwels die hemel aangeval het om nog vir laas te probeer om Jesus te vernietig.

Maar die engelemagte onder die leiding van Mígael het hom afgesny.

- *So het dit gebeur dat daar in die hemel – buite ons gesigsveld – 'n geweldige geveg plaasgevind het.*
- *Dit moes 'n skrikwekkende geveg gewees het, want die magte wat daar aanmekaargespring het, is magte wat van 'n hoër orde is as ons.*

Let wel: Dit was nie omdat die Kind (die Here Jesus) nie vir die duiwel en al sy duiwels kans gesien het nie.

- Die Here Jesus as Persoon het die Satan toe al klaar beslissend verslaan.
- Daarom het die engele die duiwel met soveel gemak uit die hemel uitgewerp.
- So kragtig was die uitsmytproses dat die duiwel en elkeen van sy engele tot vandag toe nooit weer daar in die hemel kon kom nie.
- Dis die betekenis van die woorde: **en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie.**

Die engel Mígael was meer as een keer in 'n geveg met die duiwel betrokke.

- Ons lees byvoorbeeld in Judas vers 9 dat hulle twee in 'n kwaai rusie betrokke was oor die bene van Moses.

Maar toe Mígael, die aartsengel, met die duiwel in woordstryd was oor die liggaam van Moses, het hy geen oordeel van lastering durf uitspreek nie, maar het gesê: Die Here bestraf jou! (Judas vers 9 AFR1953)

- Ons lees ook dat Mígael eenkeer 'n tyd lank teen die engel van die Perse geveg het, sodat die engel wat eintlik daardie werk moes doen, eers 'n boodskap vir Daniël kon gaan gee (vergelyk hiervoor Daniël 10:11-14). Dan lees ons ook van Mígael dat hy die groot vors is wat deur die Here aangestel is om te sorg vir die Israeliete in Babel (Daniël 12:1).

En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan. (Daniël 12:1 AFR1953)

Mígael is dus 'n engel wat groot mag en aansien het.

- Daarom is dit glad nie verbasend dat dit juis hy is wat die Satan en sy engele te lyf gaan en keer dat hulle nie die hemel inval nie.
- Dink byvoorbeeld aan die volgende Bybelgedeelte:

Toe sê hy vir my: Wees nie bevrees nie, Daniël; want van die eerste dag af dat jy jou hart daarop gerig het om ag te gee en jou voor die aangesig van jou God te verootmoedig, is jou woorde gehoor, en om jou woorde ontwil het ek gekom; maar die vors van die koninkryk van die Perse het een en twintig dae lank teenoor my gestaan, en kyk, Mígael, een van die vernaamste vorste, het gekom om my te help; en ek het daar oorgebly by die konings van Persië. (Daniël 10:12-13 AFR1953)

Die duiwel is bekend daarvoor dat hy alewig is waar hy nie moet wees nie en dat hy daar voorgee dat hy is wat hy nie is nie.

- In hierdie verskynings wat die Here aan ons openbaar, is die duiwel altyd aan die kla en verwyf oor die gelowiges!

En op 'n dag toe die seuns van God kom om hulle voor die HERE te stel, het die Satan ook onder hulle gekom. Toe vra die HERE vir die Satan: Waar kom jy vandaan? En die Satan antwoord die HERE en sê: Van 'n swerftog oor die aarde, wat ek deurkruis het. En die HERE vra vir die Satan: Het jy ag gegee op my kneg Job? Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: 'n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad. En die Satan antwoord die HERE en sê: Is dit verniet dat Job God vrees? (Job 1:6-9) AFR1953)

Die satan het aangehou om Job te verpes:

En op 'n dag toe die seuns van God kom om hulle voor die HERE te stel, het die Satan ook onder hulle gekom om hom voor die HERE te stel. Toe vra die HERE vir die Satan: Waar kom jy vandaan? En die Satan antwoord die HERE en sê: Van 'n swerftog oor die aarde, wat ek deurkruis het. En die HERE vra vir die Satan: Het jy ag gegee op my kneg Job? Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: 'n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad; en hy volhard nog in sy vroomheid, alhoewel jy My teen hom opgehits het om hom te vernietig sonder oorsaak. Toe het die Satan die HERE geantwoord en gesê: Huid vir huid, en alles wat iemand het, sal hy gee vir sy lewe; maar strek net u hand uit en tas sy gebeente en sy vlees aan -- waarlik, hy sal U in u aangesig seën! En die HERE sê aan die Satan: Kyk, hy is in jou hand; spaar net sy lewe. (Job 2:1-6 AFR1953)

Ons lees dat die satan selfs in die hemel saam met die engele verskyn het en aangebied het om profete (predikante) te verlei sodat iemand na sy dood toe gestuur kan word. Dink hier aan die vergadering wat God met die engele gehou het om Agab se dood uit te voer.

Verder sê hy: Daarom, hoor die woord van die HERE: Ek het die HERE sien sit op sy troon terwyl al die hemelse leërskaare by Hom staan, aan sy regter – en aan sy linkerhand. En

die HERE het gesê: Wie sal Agab oorhaal, dat hy kan optrek en val by Ramot in Gílead? En die een het so gesê, en die ander weer so. Toe kom die gees vorentoe en gaan voor die aangesig van die HERE staan en sê: Ek sal hom oorhaal. En die HERE vra hom: Waarmee? En hy sê: Ek sal uitgaan en 'n leuengees word in die mond van al sy profete. En Hy sê: Jy sal oorhaal, ja, jy sal ook oorwin; gaan uit en doen so.
(1 Konings 22:19-22 AFR1953)

Nog 'n voorbeeld van hoe die satan mense nie met rus laat nie – selfs nie eers as hulle in die oordeel voor God verskyn nie! – is die volgende:

Daarna het Hy my Josua, die hoëpriester, laat sien, terwyl hy voor die Engel van die HERE staan, en die Satan aan sy regterhand staan om hom aan te klai. (Sagaria 3:1 AFR1953)

Let wel: Elke keer is hy baie skynheilig en maak hy aanspraak op God se reg en heiligheid om die betrokke gelowige te straf!

In Openbaring 12 is die versoening afgehandel.

- Daarom kry die duiwel nie weer kans om te verskyn en te staan en twak praat nie.
- Hy word summier met sy eie soort geweld teruggeantwoord en uitgesmyt.
- Sy tyd vir droogmaak en skynheilig wees en om sy lyf rond te gooi, is verby!

Dit is hierdie oomblik waarvan Lukas skryf:

Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val. (Lukas 10:18 AFR1953)

En Petrus:

Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind. (1 Petrus 5:8 AFR1953)

Die hele donker spul is uit die hemel uitgesmyt sonder dat hulle ooit weer daar kan kom!

Vers 10-12

Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag. En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie. Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het. (Openbaring 12:10-12 AFR1953)

Die hele aanslag van die openbaring verander.

- Tot nou toe was dit oorlog!
- Die duiwel is uitgesmyt!

Nou is dit meteens 'n gejuig van blydskap en verheerliking van God!

- 'n Groot stem maak 'n aankondiging.
- Daar is kommentare wat verklaar dat die **groot stem** waarskynlik ook sangkore saam met spreekkore insluit!

Is dit waar? Die Bybel praat net van 'n **groot stem**.

- Die stem praat van die verlossing wat God sopas geskenk het.
 - . . . **die heil en die krag en die koningskap . . .**
 - . . . **die eiendom van onse God geword,**
 - . . . **en die mag van sy Christus;**
- Daarna gaan die stem terug na die satan toe wat sopas uit die hemel uitgesmyt is.
 - Die Satan word genoem **die aanklaer van ons broeders.**

Dan word die openbaring baie merkwaardig: Die satan is oorwin deur die mag van ons *God se Christus*.

- Die presiese woorde is: **oorwin deur die bloed van die Lam**
- En dan daarna dié woorde: **en deur die woord van hulle getuienis**

Die verlose mense het dus deel aan die neerwerping van die satan! En dit bloot deur getuienis te lewer!

- Onthou tog net dat die Griekse woord vir *getuienis* gee en om *gemartel te word* dieselfde woord is!
- Die implikasie van hierdie woord is dus duidelik: Ons getuienis wat uiteindelik lei tot die neerwerping van die satan, maak onself ook seer. Dit gebeur deur ons lyding vir die waarheid!

. . . **en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie . . .**
- Die satan is juis die veroorsaker hiervan.

Wat is die gevolg van ons getuienis?

- Die duiwel beland in die stoel van aangeklaagde!
- Tot op daardie oomblik is hy altyd die aanklaer!

Nou kry hy sy eie medisyne terug:

- Hy word aangekla,
- maar ook deur ons getuienis (wat die aanklagte is) vernietig.

Ons getuienis is om van die verlossing van die Here Jesus te getuig en wanneer ons bely dat ons deur Hom verlos is.

- Ons sal nie hierdie geloof laat vaar nie, al word wat ook al ons aangedoen.
- Ons getuienis sal bly uitgaan na die satan en sy aanhangsels.

Daar is 'n siening onder sommige Skrifverklaarders dat die woorde wat deur die groot stem voorgedra word, engele is wat praat!

- *Die engele verwys na die verlostes as hulle broeders.*
- *Dit word afgelei uit die woorde self, naamlik dat die stem nie iewers deur die satan aangekla is/was nie.*
- *Die fout wat daardie Skrifverklaarders maak, is dat hulle die woorde **en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie vergeet.** Die woorde dui juis op die lyding van die aangeklaagdes.*

Kyk na die effek daarvan op ons (die broeders wat deur die duiwel aangekla was):
Ons juig.

Die punt is dat hierdie woorde getuig dat die versoeningswerk deur die Here Jesus Christus 'n punt bereik waar dit nie net die verlostes is wat gered word nie.

- In dieselfde daad van die Here Jesus word die satan ook verslaan.
- Hy en al sy bondgenote word vir ewig uit die hemel uitgedryf.

Dink ook aan Openbaring 11:5:

En as iemand hulle wil beskadig, gaan daar vuur uit hulle mond en verslind hulle vyande; en as iemand hulle wil beskadig, moet hy op dieselfde manier gedood word. (Openbaring 11:5 AFR1953)

Al wat daarna moet gebeur, is die volle uitwerking van dit wat die Here Jesus Christus gedoen het.

- Daarom begin die stem met NOU.

Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus

Wat word hier van die Here Jesus geopenbaar – sonder dat dit gesê word?

Die Christus van God blink so uit in sy Goddelike almag dat niks Hom kan weerstaan nie.

Let op na drie kernwoorde wat die Here Jesus en sy werk beskryf:

- **die heil**
- **die krag**
- **die koningskap**

Niks kon sy verlossingswerk weerstaan nie.

Sy Goddelike krag is onkeerbaar

Hy is nou die ewige Koning – die engele se Koning en ons Koning.

Lees byvoorbeeld wat die Here Jesus alles doen wanneer Hy in die hemel kom na sy hemelvaart:

Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het. Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het. Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood. Want Hy het alles aan sy voete onderwerp, maar wanneer Hy sê dat alles onderwerp is, is dit duidelik dat Hy uitgesonder is wat alles aan Hom onderwerp het. En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees.

(1 Korintiërs 15:24-28 AFR1953)

Daarom openbaar die Here aan Johannes dat die Here Jesus so magtig is dat toe die satan en sy magte Hom wou aanrand, hulle bloot deur sy (die Here se) onderdane verdryf is.

Dit is presies die rede waarom die stem voortgaan en sê:

Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon;

- Die Here Jesus is nou die allerhoogste Koning.
- Hy is in sy volle mag en sterkte.

Ons is nog nie by daardie punt van God se Raadsplan nie.

- Daarom gebeur dinge met ons anders.
- Die satan gaan vir ons baie ongemak gee.

. . . wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het.

Waar kom die verwoede en besete aanvalle van die satan nou vandaan? Die antwoord lê in die verskil tussen ons toekoms en sy toekoms! Ons weet ons gaan in die ewige heil in. Dis maklik en lekker en iets om na uit te sien!

Sy pad is anders:

En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid. (Openbaring 20:9-10 AFR1953)

As hy sou uitsien na dit wat vir hom voorlê, moet hy sy kop laat lees!

- Maar dit is wat vir hom wag: ewige vuur, pyn, wroeging, selfverwyd en ellendes!
- Sy versienheid het hom destyds in die paradys en in die begin van sy hemelse geskiedenis in die steek gelaat.
- Nou is hy by die resultaat van sy eie besluitneming.
 - Daarom dryf innerlike woede en verwyd hom.
 - Haat teen God (die Here Jesus Christus) dryf hom.
- Haat teen die gereddes dryf hom – veral omdat hulle getuie is lewer teen hom, al martel hy hulle hoe erg.

Al hierdie dinge dryf die duiwel tot die hoogste woede – en sy smadelike neerlaag teen God vererger dit net nog meer!

Hy weet sy tyd is kort – dan gaan hy in 'n tyd van ewige magteloosheid en pyn in!

Hy verstaan dat hy hom in daardie poel van vuur nie sal kan verset teen al die ellendes wat op hom en sy makkers gaan toesak nie! *(Ek glo dat die duiwel daar in die hel die heel tyd die felste aanslag van al sy makkers teen hom ook nog sal moet verduur, want hulle gaan dit teen hom hê dat hy die oorsaak is dat hulle is waar hulle is!)*

Daarom skop en breek die duiwel nou uit frustrasie alles wat hy maar in hierdie lewe binne sy verwoestingsug kan betrek. Dis bloot daad van moedelose magteloosheid – pure bobbejaanstreke!

Vers 13, 14

En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het; maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd.

Hierdie deel van die gesig is 'n versterking (herhaling) van dit wat die Here reeds aan Johannes geopenbaar het.

- Die Here openbaar hoe die draak die Nuwe-Testamentiese kerk vervolg.
- Die vrou is die simbool van die Nuwe-Testamentiese kerk

Let op dat die satan se stryd nog steeds ten diepste teen die Here Jesus gaan.

- Hy kan nou nie meer die Kind in die hande kry en verslind nie.

- Daarom val hy die vrou aan.
- Hy wil die Kind sydelings seermaak deur die vrou te vernietig.
- Ten diepste gaan dit nog steeds oor die Kind – die aanmerking dat die vrou 'n seun (manlike kind) gebaar het, openbaar dit.

God red egter sy kerk.

- Daarom word die twee vlerke van die groot arend aan die vrou gegee – God doen dit.

So spreek die Here HERE: Die groot arend met groot vleuels, met lang vlerke, vol vere wat veelkleurig was, het na die Líbanon gekom en die top van die seder weggeneem. (Esegiël 17:3 AFR1953)

Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! (Matteus 23:37 AFR1953)

Hoe kosbaar is u goedertierenheid, o God! Daarom skuil die mensekinders onder die skaduwee van u vleuels. (Psalms 36:8 AFR1953)

Wees my genadig, o God, wees my genadig, want by U het my siel geskuil, en in die skaduwee van u vleuels sal ek skuil totdat die onheil verbygegaan het. (Psalms 57:2 AFR1953)

Ek wil in u tent vertoef vir ewig, in die skuilplek van u vleuels my verberg. (Psalms 61:5 AFR1953)

Want U was 'n hulp vir my, en in die skaduwee van u vleuels sal ek jubel. (Psalms 63:8 AFR1953)

Die vlerke van die arend is in hierdie beeld die simbool van drie verskillende dinge:

- Dit simboliseer krag en sterkte.
 - Die Here voorsien die kerk met middele om met mag en krag uit die duiwel se pad te kan bly.
 - Vergelyk hiervoor die volgende Bybelgedeeltes:

Julle het self gesien wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het, en dat Ek julle op arendsvlerke gedra en julle na My toe gebring het. (Ekodus 19:4 AFR1953).

Hy het hom gevind in 'n woestynland en in 'n woeste wêreld, vol gehuil van die wildernis; Hy het hom omring, op hom ag gegee, hom bewaak soos sy oogappel. Soos 'n arend sy nes opwek, oor sy kleintjies sweef, sy vlerke uitsprei, hulle opneem, hulle dra op sy vleuels – die HERE alleen het hom gelei, en daar was geen vreemde god by hom nie. (Deuteronomium 32:10-12 AFR1953)

Die jonges word moeg en mat, en die jongmanne struikel selfs; maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie. (Jesaja 40:30, 31 AFR1953)

maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie. (Jesaja 40:31 AFR1953)

Want so sê die HERE: Kyk, hy sal vlieg soos 'n arend en sal sy vleuels oor Moab uitsprei. (Jeremia 48:40 AFR1953)

- By die Here se gemeente simboliseer dit geloof.
 - Met die geloof kan hulle alle diens wat van hulle verwag word aan die Here nakom.
 - Dink hier aan die volgende dinge wat die Here aan ons openbaar:

En Jesus antwoord hulle: Deur julle ongeloof; want, voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het soos 'n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie. (Matteus 17:20 AFR1953)

En Jesus sê vir hom: Wat dit betref – as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo. (Markus 9:23 AFR1953)

Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. (Efesiërs 6:16 AFR1953)

Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.

(1 Johannes 5:4 AFR1953)

- Die vlerke simboliseer ook die gebed van die kerk van God.
 - Ons bid omdat ons by die Here die belofte ontvang het dat Hy ons gebede sal verhoor. Dink aan die volgende Bybelgedeeltes:

Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal. (Maleagi 4:2 AFR1953)

En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen. (Johannes 14:13, 14 AFR1953)

Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry. (Markus 11:24 AFR1953)

En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag.

(Jakobus 5:15, 16 AFR1953)

So word die kerk van die Here beveilig teen die satan se verwoesting!

- Dit word uitgebeeld deur die vrou wat na die woestyn toe vlieg.
- Daar is sy buite die bereik van die satan – die Here plaas haar op 'n plek **waar sy uit die gesig van die slang onderhou word**
- Dis die plek wat deur God vir haar voorsien is dat Hy haar daar 'n tyd en tye en 'n halwe tyd lank kan versorg.

Hoe moet ons die volgende woorde verstaan? . . . **waar sy uit die gesig van die slang**

- Dit beteken nie dat die slang nie die vrou kon sien nie!
- Hy kon haar goed sien, maar die Here het die satan van haar af weggehou sodat hy haar nie kon verskeur en doodmaak nie!

(Professor S. Greijdanus meen dat hierdie weghou van die vrou af sien op die duisendjarige binding van die satan:

Openbaring 20:2-3: En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word.

en

Openbaring 20:7-8: En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see.)

Wat moet verstaan word onder die woorde: 'n tyd en tye en 'n halwe tyd?

Die Here sluit aan by dit wat Hy reeds in die Ou Testament aan Daniël geopenbaar het:

En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd. (Daniël 7:25 AFR1953)

Twee dinge gebeur:

- Die uitdrukking trek dus die openbaring van die Here deur na die eindtyd toe.
- Die Here gebruik 'n uitdrukkingswyse waarmee Hy openbaar dat sy bestaan en sy denke en dade tydloos is – God kan nie in tyd vasgevang word nie.

Waarskynlik sluit die uitdrukking aan by dit wat die Here reeds aan Johannes geopenbaar het.

Daarom weet ons hoe lank hierdie *tydloosheid* in ons tyd is:

Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee en veertig maande lank vertrap. (Openbaring 11:2 AFR1953)

En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend twee honderd en sestig dae lank. (Openbaring 12:6 AFR1953)

En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit twee en veertig maande lank te doen. (Openbaring 13:5 AFR1953)

Vers 15, 16

En die slang het uit sy bek water soos 'n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier. En die aarde het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het. (Openbaring 12:15-16 AFR1953)

Die satan is slim genoeg dat hy kon agterkom dat hy die kerk van die Here nie self en persoonlik/reguit iets sal kan aandoen nie.

Nou probeer hy om dit deur die een of ander middel te laat gebeur.

- Hy spoeg water uit sy bek – die water word 'n stroom.
- Dit beteken dat die ding wat hy doen, besig is om te vergroot/kulmineer.
- Die duiwel hoop dus dat die kerk (vrou) in die stroom sal wegdryf!

Die waterstroom is die simbool van die wêreldse lewe.

- 'n Wêreldse lewe is 'n lewenspatroon waar God en sy gebod heeltemal uitgeskuif en ontken word.
- Die waterstroom simboliseer dat dit 'n verleidelike koel lewe is waarin die mens verkwik word met aanloklike ligsinnigheid.
 - Die ligsinnigheid gaan bestaan uit allerhande soorte genot en verleidinge wat 'n liggelowige kerk sal verstrik en wegspoel.
 - Dan word so 'n kerk van die Here af weggetrek.

Ons het van vroeg af al getuienis dat die satan sukses behaal! Vergelyk hiervoor die volgende Bybelgedeeltes:

- **En 'n ander deel het in die dorings geval, en die dorings het opgekom en dit verstik.** (Matteus 13:7 AFR1953)
- **En by wie in die dorings gesaai is—dit is hy wat die woord hoor, maar die sorg van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom verstik die woord, en hy word onvrugbaar.** (Matteus 13:22 AFR1953)
- **Want Demas het my verlaat, omdat hy die teenwoordige wêreld liefgekry het, en het na Thessalonika vertrek, Crescens na Galásië, Titus na Dalmásië.** (2 Timoteus 4:10 AFR1953)
- **Want as hulle, nadat hulle deur die kennis van die Here en Saligmaker, Jesus Christus, die besmettinge van die wêreld ontvlug het, hulle tog weer deur hierdie dinge laat verstrik en oorwin word, dan het vir hulle die laaste erger geword as die eerste.** (2 Petrus 2:20 AFR1953)

Tog misluk die satan uiteindelik.

- Die skepping kom die vrou te hulp!
- Die aarde maak oop en verswelg die waterstroom sodat dit daarin wegsyfer!

En die aarde het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het.

- Dié beeld simboliseer die verdeeldheid wat op die aarde gaan heers!
- Die duiwel kry nie sy magte gekonsolideer nie! Alle magte op die aarde kon nie saamwerk om die kerk te vernietig nie.
- Die wêreldmagte was so met mekaar in stryd en het so teen mekaar gewerk dat die oogmerk van die satan om die kerk uit te roei daardeur verydel is.

'n Voorbeeld uit die Ou Testament is Saul wat reg was om Dawid dood te maak, maar toe bring sy boodskappers die tyding dat die Filistyne hulle grondgebied ingeval het (met ander woorde die vrouens en kinders word doodgemaak en ontvoer en al hulle besittings word geroof):

En Saul het aan hierdie kant van die berg getrek, maar Dawid met sy manne was aan die ander kant van die berg. En toe Dawid in angs vlug om van Saul weg te kom, terwyl Saul en sy manne Dawid en sy manne omsingel om hulle te vang, kom daar 'n boodskapper by Saul en sê: Maak gou en kom, want die Filistyne het 'n inval in die land gedoen. Daarop het Saul omgedraai en Dawid nie meer agternagejaag nie, maar die Filistyne tegemoetgetrek. Daarom noem hulle daardie plek Rots van Skeiding. (1 Samuel 23:26-28 AFR1953)

Die Here gee in die Ou Testament al voorbeelde van die duiwel se lis wat elke keer weer opstaan en verwoestingswerk teen die gelowiges beplan:

En ek het my oë opgeslaan en gekyk – daar was vier horings. Toe sê ek aan die engel wat met my gespreek het: Wat beteken dit? En hy antwoord my: Dit is die horings wat Juda, Israel en Jerusalem verstrooi het. Daarop toon die HERE my vier smede. Toe sê ek: Wat kom hulle maak? En Hy antwoord en sê: Dit is die horings wat Juda só verstrooi het dat niemand sy hoof opgehef het nie; maar hierdie manne het gekom om hulle skrik aan te jaag, om die horings van die nasies neer te werp wat die horing teen die land van Juda opgesteek het om dit te verstrooi. (Sagaria 1:18-21 AFR1953)

Vers 17

En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooi van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.
(Openbaring 12:17 AFR1953)

Die Here openbaar hoe die draak al hoe woedender word omdat hy misluk!

- Hy was al klaar baie kwaad omdat hy in die hemel 'n gruwelike nederlaag gely het! (v.12).
- Nou beleef hy 'n nuwe teleurstelling! Die aarde het sy waterstroom ingesluk!

Wie het ooit gesê dat die duiwel nie ook teenspoed beleef nie?!

- Dit wys net dat jy nie sukses kan verwag as jy 'n bondel swakkeling/verraaiers as jou bondgenote het nie.
- Die dinge het hom net nog kwater en meer ontsteld gemaak as wat hy al klaar was! (Hy was dus nog nie eers so kwaad as wat hy graag sou wou wees nie!)

So misluk sy laaste poging om die vrou en haar (menslike) nasate te probeer uitwis.

en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooi van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.

Al die mense wat in die eindtyd lewe, is dus nie gelowiges nie – hulle is nie nasate van die vrou nie!

Dit is baie soortgelyk aan wat daar in Hosea 2:1 geskryf staan:

Twis met julle moeder, twis; want sy is nie my vrou nie, en Ek is nie haar man nie, en laat sy haar hoerery van haar aangesig verwyder en haar owerspel van haar borste af weg.
(Hosea 2:1 AFR1953)

Die nasate is die gelowiges wat daar in die eindtyd nog daar sal wees. Die openbaring is dus reguit:

- Daar sal in die heel laaste dae nog steeds mense wees wat in die verlossing deur die Here Jesus glo.
- Daardie mense (ware gelowiges) sal die Here Jesus as die almagtige God bely.

Dit blyk dus dat hierdie stuk van die openbaring cchronologies voor Openbaring 11:7vv en Openbaring 20:7vv inpas, want daar gee die Here hom wel die toestemming en vermoë om die gelowiges (byna?) almal uit te roei.

Vers 18

En ek het op die sand van die see gaan staan.

Hierdie teks het tekstkritiese probleme. Die sterker tekste lees: **Ek het op die sand van die see gaan staan.**

Maar daar is ook 'n aantal handskrifte wat lees: **Hy (die draak) het op die sand van die see gaan staan.**

Ons volg die sterker handskrifte wat lees dat ek – dus Johannes – op die strand gaan staan het waar die Here die volgende openbarings aan hom gegee het.

Logies hoort hierdie vers nie in hoofstuk 12 nie, maar as die inleiding van hoofstuk 13.